Die heerlike boodskap van Paasfees

Geagte CAD familie.

Dit is nou weer die herdenking van Jesus se dood en opstanding. Die grootste gebeurtenis van die mensdom oor alle eeue heen. My hart skeur om te dink wat Jesus als moes deurmaak slegs vir my en jou sondes.

Ek lees in Lukas 22:44 waar Jesus in Getsémané is. *“En toe Hy in 'n sware stryd kom, het Hy met groter inspanning gebid, en sy sweet het geword soos bloeddruppels wat op die grond val.”*

Lukas 22:52 *“Toe sê Jesus vir die owerpriesters en hoofde van die tempel en ouderlinge wat teen Hom gekom het: Het julle uitgetrek soos teen 'n rower met swaarde en stokke?”*

Toe kom Petrus, sy geliefde apostel en verloën Jesus deur te ontken dat hy Jesus ken. So is Jesus alleen voor die Joodse raad bevind. Hulle het hom gespot, geslaan en op hom gespoeg.

Die woord sê in Markus 15:16-18 *“Toe lei die soldate Hom weg in die binneplaas, dit is die goewerneur se paleis, en hulle roep die hele leërafdeling bymekaar. en trek Hom 'n purperkleed aan en vleg 'n kroon van dorings en sit dit vir Hom op; en hulle begin Hom begroet: Wees gegroet, Koning van die Jode!”*

Vers 19. *“En hulle slaan Hom met 'n riet op die hoof en spuug op Hom en val op die knieë en bring Hom hulde.”*

Die woord sê hulle het hom so geslaan dat hy nie eens meer soos ’n mens gelyk het nie.

Jes. 53: 4-6 *“Nogtans het Hý óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte — dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die Here het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.”*

As gevolg van hierdie onbaatsugtige smart wat Jesus deurgemaak het, kan ons nou oorwinnend lewe oor sonde en siekte.

My gebed is dat ons hierdie Paasfees opnuut sal deurbring in dankbaarheid en verootmoediging voor ons verlosser en Saligmaker Jesus Christus ons Here.

Seën en groete.

Kallie Beyleveldt.